

LIEDERE WAT IN DIE EREDIENSTE GESING WORD**Sondag 6 November 2011**

Oggenddiens 09:30			Aanddiens 18:00		
	Lied	Bladsy	Lied	Bladsy	
1.	Skrifberyming 12-3:1 & 2		Skrifberyming 4-6:1		
2.	Psalm 111:1 – 4	Bl.555	Psalm 38:1,15,17	Bl.189	
3.	Skrifberyming 14-2:1		Psalm 20:2 & 4	Bl.91	
4.	Skrifberyming 10-2:1		Skrifberyming 5-4:1-3, 5, 6		
5.	Skrifberyming 13-2 (Amen)		Skrifberyming 13-2 (Amen)		

**ONS GEMEENTE SE 30-JARIGE FEESVIERING**


Ons gemeente is deur die groot genade van die Here hierdie jaar 30 jaar oud. Tydens die naweek van 19-20 November wil ons met dank teenoor die Here op gesellige en luisterryke wyse fees vier. Die program vir die naweek sien soos volg daar uit:

• **Saterdag 19 November 2011**

Die verrigtinge begin 13:30 vir 14:00 op die kerkterrein (onder die afdakke). Aktiwiteite vir die jongmense en klein kinders word gereël wat onder meer insluit speletjies en 'n springkasteel. Die kinders moet asb. sorg dat hulle reeds teen 14:00 daar is. Hierdie aktiwiteite sal deur die loop van die middag aangebied word, ons kinders moet dit dus nie misloop nie. Die grootmense kuier deurlopend vanaf 14:00, maar teen 16:30 begin die formele program vir die volwassenes. Om 16:30 gaan ons gemeente se "Dorslandsangers" ons vergas met hulle sang, gevolg deur ds. Koos Cloete en dr André Grovè wat so bietjie staaltjies gaan vertel uit hulle bedieningsjare in ons gemeente. Daarna volg enkele ander aktiwiteite en om 18:00 eet ons saam en kuier gesellig verder.

• **Sondag 20 November 2011**

Ons Nagmaaldiens begin op die gewone tyd (09:30). Ds. Koos Cloete lei die erediens terwyl dr André Grovè Nagmaal sal bedien. Na afloop van die erediens volg 'n kort program bestaande uit 'n kort oordenking en dankbetuiging teenoor ons hemelse Vader en 'n groetboodskap van die klassis deur dr Jan Lion-Cachet (ons konsulent), afgewissel met gemeentesang. Die dag- en feesverrigtinge word afgesluit met tee/koffie en verversings in die saal.

**SIMBAAL**

"Prys Hom met galmende simbale"

[Psalm 150:5]

Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Klerksdorp-Noord

[Webadres – <http://www.gkklerksdorpnoord.co.za/>]

Jaargang 6

Sondag 6 November 2011

Nommer 31

OPSTANDIG TEEN ALLES?!!

Daar is mos sulke mense! Mense wat teen *alles* en *almal* in opstand is. In opstand teen die regering, die landsomstandighede, salarisse, werksomstandighede, hoë pryse, lae rentes, bure, familie, ander motorbestuurders ens.ens.

- ♦ Mense raak ook in heftige opstand teen God se wil.
- ♦ Hulle is in opstand teen die riglyne van God se Woord.
- ♦ Daarom is hulle in opstand teen die kerk
- ♦ teen die diakens, ouderlinge, dominees en lidmate.

Kort voor lank is jy 'n dikbek-buffel wat nooit tevrede gestel kan word nie. Lekker negatief!! En jy beïnvloed almal rondom jou en met wie jy in aanraking kom negatief.

Jy sal jou opstandigheid móét afleer en verander. Jou opstand, parmantigheid, jou kroniese ontevredenheid sal jy móét verander of dit gaan jou en ander rondom jou mettertyd verteer.

- ♦ Dit beteken nie dat jy nou in 'n soort onegte *berusting* moet verval nie.
- ♦ Jy moet ook nie jou lewe verander tot 'n onegte *selfdissipline* as masker nie.
- ♦ Jy mag ook nie sê dat Gods water maar oor Gods akker moet loop nie. As jy jou negatiewe opstandigheid wil verander moet dit wees met *positiewe dankbaarheid*. Dít is 'n Christen se opdrag. Jy moet end-uit aan God vashou en sy goddelike liefde sien. Dit bring 'n positiewe aanvaarding wat uitloop op bouende deelname. Dit is jou daaglikse roeping! Want in Jesus Christus is jy verlos van die ellende van die sonde en dit maak jou 'n positiewe, dankbare mens wat 'n sieraad in die daaglikse lewe is.

Dr. Nico van der Merwe



PREKE VANDAG



Dr. Sarel van der Walt

Oggenddiens Tema: **GOD IS VÍR MY!**

Lees: Johannes 10:22-30; 14:15-26; Romeine 8:31-39

Teks: Johannes 10:28, 29; 14:26; Romeine 8:31

Daar is baie dinge in die lewe wat skynbaar teen ons is. Die Heidelbergse Kategismus Sondag 52 beskryf die bedreigings nog meer verdoemend, nl. die duiwel, die wêreld en ons eie sondige natuur.

Maar nou hoor mens die wonderlike klanke van genade en redding en uitkoms. Jesus sê: “*Niemand sal hulle* (met verwysing na sy skape) *uit my hand ruk nie*” (Joh.10:28). En in Johannes10:29 lees ons: “... *niemand kan hulle uit die hand van die Vader ruk nie*”. En later, in Johannes14:16, lees ons dat die Vader in die Naam van Jesus die Heilige Gees na ons toe stuur om altyd by ons te wees. God is bepaald met ons; Vader, Seun en Heilige Gees. Wie kan dan teen ons wees?



Aanddiens Tema: **WAT MYNE IS, IS MYNE ... OF HOE?**

Lees: Matteus 6:19-34

Teks: Matteus 6:21

Spesifiek aan al die jongmense: As jy al ooit blinkoog gesit en lugkastele bou het oor baie geld, oneindige rykdom, luukse karre en groot huise, dink weer ... en kom luister na die preek.



LOSMAKING EN AFSKEIDSPREK DR. SAREL VAN DER WALT

Dr. Sarel van der Walt het versoek dat ‘n *classis contracta* vir sy formele losmaking van hierdie gemeente op 17 November 2011 byeen geroep word. Dit beteken dat die breë kerkraad tesame met die konsulent, dr Jan-Lion Cachet, en twee ouderlinge van ons naburige gemeentes, naamlik Klerksdorp en Stilfontein hiervoor sal vergader, voordat die verslagvergadering van die ouderlinge plaasvind. Dit is die mees geskikte datum, aangesien sy uittreepreek te laat in die jaar sal wees, wat dit moeilik maak om die nodige formaliteite af te handel. Ondertussen is besluit dat sy uittreepreek op Sondagoggend 27 November 2011 sal wees sodat soveel van ons gemeentelede as moontlik teenwoordig kan wees. Dr. Van der Walt sal daarna nog twee Sondae tydens die skoolvakansie vir ons preek, voordat hy en sy gesin na Potchefstroom verhuis.



VERKIESING VAN AMPSDRAERS

Die volgende lidmate word deur die kerkraad ter approbasie aan die gemeente voorgehou vir die besondere dienste. As *diakens*: Br. Jannie Blignaut (jnr), srs. Linelle Hitge, Rina Steenkamp, Elsabé du Plessis, Drienie Schutte, Armanda Blignaut, Lena Buys en Arenda Putter. As *ouderlinge*: Brs. Jannie (Blikkies) Blignaut & Pierre van der Walt. Na verloop van die 3-weke approbasiedperk sal die lidmate, as daar geen besware ontvang is nie, geroep word tot die onderskeie dienste, waarna hulle, indien hulle die roeping opvolg, in die ampte bevestig sal word op ‘n datum soos deur die kerkraad bepaal sal word.



DIAKONIE

Dit gaan goed met die werk van die diakens. Dank word uitgespreek oor die ruim skenkings uit die gemeente. Een gesin moes finansiële hulp gedurende die kwartaal ontvang en sewe gesinne (of individue in enkele gevalle), is met kospakkies voorsien. Enkele diakens het ‘n diakonale konferensie bygewoon. Daar word ‘n projek beplan om armes gedurende die Kerstyd te help. Daar is tans vyf wyke wat nie oor diakens beskik nie. Hierdie tekort het ‘n groot invloed op die werksaamhede van die diakens. Die diakonie benodig dringend mense wat bereid is om hierdie belangrike werk te doen.

CACHET SKOOLVERLATERSKAMP**DATUM:** 9-13 Januarie 2012 **KAMPTERREIN:** Nooitgedacht**VERTREK PUNT:** Teologiese Skool (Molenstraat) : Maandag 9 Jan om 13:00**TYD VAN AANKOMS:** Vrydag 13 Jan om 13:00 **KOSTE:** R600.00Die tema van die kamp is: *Hoe bring jy student-wees en Christen-wees in lyn met mekaar?***BANKBESONDERHEDE:** JUBILA, ABSA Spaarrekening, TAKKODE: 335-138

REKENINGNOMMER: 9066522601 FAKS DEPOSITOSTROKIE NA: 086 510 2073 OF

EPOS: cachetgk@yahoo.com**Navrae:** Paul Vogel: 084 440 2199, Reinier Muller: 082 924 7835

Annelise Theunissen: 084 554 7290, Ds. Willem Vogel: 084 688 1756

Ds. Ronald Bain: 082 339 0933

SENDINGAKSIE SRI LANKA

Ons gemeente het die sendeling, Pieter Ter Haar, onlangs 'n geleentheid gegee om ons toe te spreek oor die sendingaksie wat hulle in Sri Lanka aan die gang het. Pieter en Luise bedryf 'n kindershuis waar kinders van kleins af deur Pieter onder hande geneem word en op 'n besondere wyse die boodskap van ons Here Jesus Christus aan hulle verkondig word in 'n wêreld waar die Christendom nie welkom is nie. Soos Pieter vertel is hy en Luise (het nou 2 dogters) as Suid Afrikaners geroep deur die Here om oor baie jare (ongeveer 25 jaar) in Sri Lanka die Woord van die Here te verkondig. Pieter is oor al die jare deur Suid Afrikaanse Kerke geestelik en finansiële ondersteun. Een van ons lidmate het per geleentheid besoek afgelê by die kindershuis van Pieter en Luise en was beïndruk gewees met die deursettingsvermoë wat hulle aan die dag lê om in moeilike omstandighede Jesus se boodskap te verkondig.

Die kerkraad het besluit om die sendingaksie ook te ondersteun (goedgekeur op ons onlangse Kerkraadsvergadering) by wyse van 'n Sending- en Evangelisasie-kommissie om sake soos hierdie te hanteer en aanbevelings aan die kerkraad te maak. Soos Pieter ons gevra het moet ons hulle geestelik ondersteun en voorbidding doen vir hulle belangrike werk. Ons sal uiteraard hulle ook finansiële graag wil ondersteun. Tans bestaan daar geen formele begroting vir hierdie uitreik nie, maar sal enige skenking deur lidmate hoog op prys gestel word. Ten einde die finansiële hulp prakties te maak, sou maandelikse hulp van ongeveer R 2000 per maand doeltreffend kon wees. Lidmate wat hulle weg oopsien om maandelikse bydraes in die verband te maak kan so doen op hulle maandelikse kerklike bydrae en die bykomende bydrae te merk synde vir die Sendingaksie – Sri Lanka.



Vir verdere navrae in die verband skakel met Johan Mocke by 083 292 8337.

SAKRAMENT VAN DIE HEILIGE DOOP

Tydens die ere diens vanoggend gaan die sakrament van die doop bedien word aan die kleindogter (Miané) van André en Rina la Grange. Miané is die dogtertjie van Tobie (André en Rina se seun) en Salome la Grange, lidmate van GK Rustenburg-Wes. Baie geluk en mag vandag vir julle gesin en familie 'n besondere geleentheid wees.

LIEF EN LEED

- Ons dink in ons gebede aan lidmate wat aan kanker ly en in hierdie tyd chemoterapie daarvoor ontvang, in die besonder sr. Ria van Dyk, sr. Emma & br. Peet Bezuidenhout.
- Ons doen voorbidding vir sr. Tina Stols wat vroeër vanjaar haar pa begrawe het (ds. Kosie Smit) en die afgelope week haar ma, sr. Jans Smit (beide was ook lidmate van ons gemeente). Ons bid vir Tina krag en vertroosting toe in hierdie dae.
- Ons bid vir sr. Annalize Booyesen wie se pa (wat lidmaat is van Orkney-gemeente) baie ernstig en terminaal siek is aan kanker. Mag Annalize en Cobus en die hele familie in hierdie tyd gedra en versterk word.

JEUGDIENS

Vanaand 18:00 het ons weer 'n jeugdiens. Na die tyd gaan ons weer lekker saamkuier en daarvoor vra ons dat elke seun asseblief 'n bottel koeldrank, en elke meisie asseblief 'n bordjie eetgoed sal saambring.

**BYBELSTUDIE**1. **SONDAG 6 November 2011 – Die Hebreërbrief**


19:00 – 20:00

In die konsistorie

2. **WOENSDAG 9 November 2011 – Lukas-evangelie**

10:00 – 11:00

In die pastorie



KOLLEKTES

Datum	By die diakens	Sakkies by die deure
06 November	Barmhartigheid	Sustentatie Khuma
13 November	Barmhartigheid	Sustentatie Khuma

GEMEENTEPROGRAM

Sondag 6 November tot Saterdag 12 November 2011

Sondag 6 November	Oggendiens	09:30
Sondag 6 November	Aanddiens	18:00
Sondag 6 November	Bybelstudie Konsistorie	19:00
Woensdag 9 November	Bybelstudie Pastorie	10.00
Donderdag 10 November	Inbetaling Bydraes	17:30


TEESKINKBEURTE

Sondag 06 November 2011	Wyke 25 & 26
Sondag 13 November 2011	Wyke 27 & 28

VERJAARDAE

7 Nov.	Karla Lemmer	Wyk 14	
8 Nov.	Melanie Joubert	Wyk 15	018-468-4297
8 Nov.	Anelle Roos	Wyk 07	084-205-4525
9 Nov.	Nico du Plessis	Wyk 27	
9 Nov.	Abrie Lotter	Wyk 12	018-468-1233
10 Nov.	Danie Pretorius	Wyk 09	079-841-2697
11 Nov.	Hennie van Rooyen	Wyk 18	018-468-6245
12 Nov.	Andre Hulshof	Wyk 17	018-468-3134
12 Nov.	Andre La Grange	Wyk 26	018-468-6667
12 Nov.	Johan Venter	Wyk 24	082-924-7875

Elkeen wat hierdie week verjaar word die seën van die Here toegebied vir die nuwe lewensjaar. Mag u lewe gevul



SIMBAAL

6

NOVEMBER 2011

5.

BEROEPE – GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

BEROEPE ONTVANG

- Ds. AP de Jager van Vryheid na Klerksdorp-Noord.
- Ds. GJ Erasmus van Vryburg na Bothaville.
- Ds. PW Kurpershoek van Middelburg na Gobabis.

BEROEPE BEDANK

- Ds. W Jobse van Barkly-Oos/Maclear-Elliot-kombinasie na Pretoria-Wes.

BEROEPING VAN 'N PREDIKANT

Ds. André de Jager van Gereformeerde Kerk Vryheid is deur die gemeente beroep as predikant vir ons gemeente. Ons bid hom sterkte toe met die oorweging van die roeping en bid dat die Here hom so mag lei om die roeping op te volg en in ons gemeente te kom werk. Ds. De Jager het tyd tot en met Sondag 20 November 2011 om op die beroep te antwoord.

KOOR VIR KERSPROGRAM



Koorlede vir die Kersprogram oefen na die erediens by die klavier in die saal.

KINDERHUISE – BAIE DANKIE!!!

Namens die Diakonie 'n warm dankie aan al die lidmate wat so ruim bydra met klere vir die Rethabile Kinderhuis. 'n Hele paar sakke klere is reeds by die Kinderhuis afgelaai, en meer is nog belowe. Anna Bester, huismoeder van Huis 3, is baie dankbaar en die kinders so opgewonde! Nege toiletsakkies word ook gevul vir die Bonsai-groep van die President Kruger Kinderhuis in Pretoria. Ons sal dit waardeer as hierdie sakkies **VOOR OF OP 20 NOVEMBER** ingehandig kan word om dit in Pretoria af te lewer. Baie dankie ook aan die gesin in die gemeente wat onderneem het om Luki Janse van Rensburg, die matriek-leerling van die Bonsai-groep, spesiaal deur die eksamen te ondersteun.

Kontakpersone: Hanlie Mocke Martie Venter